Geagte Ouers

SAMESTELLING VAN NUWE UNIFORM: Verpligtend vanaf 2023, maar beskikbaar vanaf die tweede kwartaal van 2020.

Birch's se voorraad sal eers teen die einde van die eerste kwartaal volgende jaar beskikbaar wees. Hulle sal ons skoolrokkie, baadjie, das en wapen verkoop. Om ons Gr 1 leerders van 2020 te akkomodeer mag hulle, tot voorraad beskikbaar is, hulle wit kortbroek en huis t-hemp dra met skoolkouse (wit vir meisies; grys skoolkouse vir seuns) en oorwegend wit tekkies. Op koue dae mag hulle hul skooltrui dra.

Ander skoolklere kan **nou** by Mev Sonette Spangenberg bestel word. Die klerebank is oop op Dinsdae en Donderdae vanaf 07:00 tot 13:00.

NB: 'n 50% deposito (kontant betaling) is betaalbaar met die plasing van die bestelling en die balans (ook in kontant) is betaalbaal met die afhaal van die skoolklere. Pryse gaan moontlik verander vanaf einde Oktober.

DOGTERS:

SOMER:

- Skoolrok met kort wit kouse, swart skoene en kort, vlootblou, stywe broekie onder die rok
- Skoolbaadjie met of sonder skooltrui. Let asseblief daarop dat die skoolbaadjie opsioneel is in die somer, maar dat die skooltrui nie sonder die skoolbaadjie gedra mag word nie
- LO klere: Huis T-hemp en wit kortbroekie vir Gr R tot Gr 3; Gr 4 tot Gr 7 dogters dra Huis T-hemp met vlootblou sportskort en oorwegend wit tekkies
- Skoolsweetpak sal slegs verpligtend wees op sportdae
- Sportsak en skooltas met skoolwapen
- Wit haarbykomstighede

WINTER:

- Skoolrok met lang grys kouse en swart skoolskoene en kort, vlootblou, stywe broekie onder die rok
- Skoolbaadjie met of sonder skooltrui. Let daarop dat die skooltrui nie sonder die skoolbaadjie gedra mag word nie
- LO klere: Soos in somer
- Wit haarbykomstighede
- Sportsak en skooltas met skoolwapen

SEUNS:

SOMER:

- Wit kortmouhemp met skoolwapen
- Grys kortbroek
- Skoolbaadjie met of sonder trui. Let asseblief daarop dat die skoolbaadjie opsioneel is in die somer, maar dat die skooltrui nie sonder die skoolbaadjie gedra mag word tydens die somer nie
- Swart skoolskoene met lang grys kouse
- LO: Wit kortbroekie met Huis T-hemp en oorwegend wit tekkies
- Sportsak en skooltas met skoolwapen
- Skoolsweetpak is slegs verpligtend op sportdae

WINTER:

- Wit langmou- of kortmouhemp met skoolwapen en skooldas
- Skoolbaadjie met of sonder trui. Let daarop dat die skooltrui nie sonder die skoolbaadjie gedra mag word nie
- Lang-of kort grys skoolbroek
- Swart skoolskoene
- LO klere: Soos in somer
- Sportsak en skooltas met skoolwapen

Die uwe

A Daniell